# Duisende heuwels

## se panoramiese uitsig op heuwellandskap

***Genestel tussen die Gamsberg en die Naukluftberg, lê Namib's Valley of a Thousand Hills, met een van die mooiste panoramiese uitsigte op Namibië.***

**Francoise Steynberg**

So ver die oog kan sien, kyk jy uit op 'n magdom heuwels, die spoelvallei van die Gaubrivier en die blou Naukluftberge wat in die agtergrond uittroon.

Namib's Valley of a Thousand Hills is sowat 180 km vanaf Windhoek op die Gamsbergpad na die kus geleë. Jou eerste indruk van die ligging is dat dit 'n perfekte halfpadstop vir 'n oornaggeleentheid tussen Windhoek en die kus of Sossusvlei is.

Maar as jy eers deur die beeldskone uitsig gehipnotiseer is, is dit 'n rusplek waar langer vertoef moet word. Dit is die perfekte wegkomkans uit die geharwar van die stad om ten volle te ontspan en uit te rus. Dit is die ideale rusplek waarheen 'n groep vriende kan wegbreek.

Namib's Valley of a Thousand Hills is perfek vir die rustige natuurliefhebber wat die twee verskillende staproetes van onderskeidelik 1,8 km en 1,3 km wil verken.

Jy het 'n keuse om net die sirkel om 'n koppie te stap of om teen die groot berg op te stap waar die helling soms nogal styl is. Vanaf die koppie of die berg agter die grasdak chalets is waar die beste uitsig op die landskap is. Die Gaubvallei kan ook te voet verken word waar ná die reënseisoen lafenis in die rotspoele gesoek kan word.

Daar is ook "trappe na die hemel" van waar kraters wat oor duisende jare se droogtes gevorm is, bewonder kan word.

Dit is ook ideaal vir voëlkyk- of plantliefhebbers, met veral inheemse plante soos die kokerboom en die kanniedood wat gesien kan word. 'n Groot verskeidenheid wild loop vry vanaf die Namib-Naukluftpark na die gebied rond.

Die uitsig oor die landskap is enige fotograaf se droom, veral met die kleure van die lug en lig wat deurentyd verander. Soms vorm die mis vanaf die kus 'n sagte miskombers oor die heuwels.

Namibië word nie verniet die land van kontraste genoem nie, maar hier word dit veral vergestalt met die landskap wat tydens die winter en die reënseisoen totaal verskillend lyk.

Vir die meer avontuurlustiges is daar 4x4-roetes wat getem kan word.

Namib's Valley of a Thousand Hills is toegerus met vyf luukse chalets wat privaatheid bied, drie kampeerplekke, 'n gemeenskaplike selfsorg kombuiseenheid en braaiplek.

Die drie kampeerplekke is luuks met elk sy eie skadu-afdak, braaiplek en opwasplek. Elkeen het ook sy eie badkamer met 'n stort, wasbak en toilet. Warm water word deur die sonpanele verskaf.

Die gemeenskaplike kombuis is uitgerus met alle kombuistoebehore en eetgerei, 'n groot stoof, yskas en wasbak en eetkamer en stoep waar etes geniet kan word. Saans kan gesellig om die braaivleisvuur by die gemeenskaplike braaiplek gekuier word.

Elke chalet het sy eie ruim badkamer en 'n stoep van waar gaste die uitsig en sonsondergang kan bewonder. Die chalets is ver van mekaar geleë om privaatheid te verseker.

Ekovriendelikheid is met die konstruksie en ontwerp van die chalets in ag geneem.

Geen bakstene is met die konstruksie gebruik nie, maar slegs klip van die omgewing en rooi leiklipstene uit die Kalahari. Elektrisiteit word deur sonpanele opgewek en slegs ekovriendelike gloeilampe word gebruik. Selfs die gordyne is hittebestand.

Twee persone kan in 'n chalet slaap, maar van die chalets is met 'n slaapbank toegerus waar kinders kan slaap.

Namib's Valley of a Thousand Hills is sowat 180 km vanaf die hoofstad, 165 km vanaf Walvisbaai en 165 km vanaf Sesriem, die poort na Sossusvlei.

**■ Vir besprekings kan Christiaan Ackermann by +264 81 663 8840 geskakel word, of e-pos hom by** info@namibsvalley.com. **Meer inligting is beskikbaar op hul webblad by** www.namibsvalley.com.



**Die kampeerplekke is afgeëts teen die sonsopkoms.**



**Namib's Valley of a Thousand Hills is lieflik ná 'n goeie reënseisoen.**
FOTO: CHRISTIAAN ACKERMANN



**Kokerbome is van die inheemse plante wat by Namib's Valley of a Thousand Hills gesien kan word.** FOTO: FRANCOISE STEYNBERG

## Namibia in 3D

A Namibian and a German photographer have joined forces and launched a book and DVD with spectacular 3D photos of Namibia. Namibian Freddy Taylor and German Ramon Dörfler aims to emphasise the extra-ordinary beauty of our country by using the latest technology in photography.

"Three-dimensional photos are the real impression of what a person sees through his or her own eyes and 3D gives you the feeling of reality," says Freddy.

The book should be read with magical glasses that enable one to see the photos in three dimensions. Colourful photo galleries which can be viewed on any 3D monitor or 3D television are included in the book with up to 500 pictures of our beautiful country.

The contents of the book include photos of landscapes, wildlife, roads, historical impressions and attractions, people (general and cultural) and towns.

Optional content on the back pages of the book and DVD are road maps, lists of accommodation establishments, car-rental companies, websites, important addresses such as tourist information centres and embassies, as well as general information about Namibia.

Tourists can take these impressive 3D memories home where people from all over the world will have a better impression on the country's attractions. New visitors will be more convinced to make a decision to travel to Namibia.

The advantage is that it is a product for all ages and it can be promoted internationally.

"It will be a first time adventure through 3D presented for Namibian attractions," said Freddy.

**■ For more information on Namibia in 3D, contact Freddy Taylor at 061 305 828, 081 127 7302 or 081 212 6209. His e-mail address is** taylor@afridesktop.com.



**Namibian Freddy Taylor and German photographer Ramon Dörfler at the launch of their book, Namibia in 3D.** PHOTO: FRANCOISE STEYNBERG








